# PRETORIA FM, 7 voor 7

# GOED BEGIN IS HALF GEWIN

*Dr Hannes Janse van Rensburg*

Wat is die eerste ding wat jy doen as jy in die oggend jou oë oopmaak? Ek het geleer om, daar in my warm veilige bed, dadelik dankie te sê. Dankie vir alles en nog wat. Met die tyd het my dankie sê die dankbare wakker word omarm en uitgebou. Skielik hoor ek selfs in die stad ‘n verskeidenheid voëltjies wat ook dankie sê vir die nuwe dag. Ek besef met die opnoem van een dankbaarheid, word nog ‘n rede tot dankbaarheid ontdek. Gou – gou besef ek, ek het soveel om voor dankbaar te wees. Ek het geleer hierdie dankbaarheid word die fondament waarop die res van die dag gebou kan word. Hierdie geloofsgewoonte, wat ingeoefen moet word, keer dat ek met die verkeerde voet uit die bed opstaan. Die spreekwoord is waar: *goed begin is half gewin!*

Wanneer ons nadink oor dankbaarheid, kan ons nie verby Psalm 136 lees nie. Hierdie unieke loflied herinner ons daaraan dat ware dankbaarheid nie afhang van ons omstandighede nie, maar van Wie God is. In hierdie Psalm word een kragtige sin ses-en-twintig keer herhaal: "Want aan Sy liefde is daar geen einde nie." Die digter herinner die volk aan God se groot dade in die skepping, maar ook aan die tye toe hulle deur die diep water van swaarkry moes gaan. Deur elke goeie én elke moeilike oomblik bly die refrein dieselfde. Dit leer ons vandag 'n kosbare les vir die lewe: ons hoef nie net dankbaar te wees wanneer alles perfek loop nie. Ons kan juis dánkbaar wees omdat God se liefde en getrouheid 'n ewige anker is wat nooit ophou nie, selfs wanneer ons stormwinde beleef.

Kom ons begin vandag ‘n nuwe geloofsgewoonte inoefen: *kom ons begin elke oggend doelbewus deur drie dinge te noem waarvoor ons dankbaar is* – doen dit sommer die oomblik as jy jou oë na ‘n nag se slaap oopmaak. In Eksodus vra God aan Moses: wat het jy in jou hand? Moses moes sy verskonings uitvee en vervang met dankbaarheid vir wat God reeds in sy hand geplaas het. Die bekende Amerikaanse leraar, teoloog en skrywer - Tim Keller - het gesê: "*Dankbaarheid is wat jy voel, maar danksegging is wat jy dóén*." Maak dankbaarheid 'n aktiewe daaglikse geloofsgewoonte. Onthou, God se getroue liefde verander nooit nie, begin jou dag doelbewus dáármee!

*Dr Hannes Janse van Rensburg is voltyds predikant van die Hervormde Gemeente Zuurfontein in Kempton Park en deeltyds die Sentrum vir Gemeentelike Bediening se Interim fasiliteerder, begeleier en toerustings konsultant.*